

OGGEND-BYBELSTUDIE

DIE DOOD

STUDIESTUK 5

LUKAS 16:19-31

LUKAS 16 EN DIE DOOD! (DIE RYK MAN EN LASARUS) EN DIE LEWE!

KORTLIKS IETS OOR GELYKENISSE:

- Geen vorm van Jesus se prediking is so bekend - en so geliefde - as sy gelykenisse nie. Lukas 16:19-31 is 'n gelykenis.
- **WAT IS 'N GELYKENIS?**
 - Dit is 'n uitgebreide vergelyking.
 - Anders gesê:
Dit is 'n storie met 'n boodskap, 'n verhaal wat 'n bepaalde punt moet illustreer.

'n Gelykenis is eintlik niks anders as 'n wêreldse storie met 'n hemelse betekenis.

- Christus se gelykenisse is nie bloot interessante stories of mooi sedelesse nie.
- Elke gelykenis het 'n bepaalde doel en 'n kern-tema.
- 'n Gelykenis is soos aanskoulike onderwys: mens hoor nie net nie; jy sien ook.
- In elke gelykenis gaan dit om meer as algemene waarhede. Hulle is speëls om onself en ons tyd in te herken. Hulle wil ons laat beseef hoe wesenlik die eerste en die tweede koms van Christus ons lewens raak - en hoe ons daarom van harte anders, nuut, mag en moet lewe!

